



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die derde verslag vir 2021.

POLITIEK

- Dit lyk asof oud-president Jacob Zuma nou hond se gedagte kry oor of dit so 'n goeie idee was om eerder tronk toe te wil gaan as om voor die Zondo kommissie te getuig? Dit is tog interessant hoe die vooruitsig om dag in en dag uit 'n oranje pak te dra en om nie teepartyjies met jou politieke vriende te hê nie, jou tweekeer laat dink!
- Ek wonder hoe ontspanne die tans met-vakansie minister van gesondheid is?
- Intussen het die huidige president blykbaar besluit dat dit nou tyd is om besluite te neem sonder dat hy eers 'n komitee, of 'n studiegroep of 'n interdepartementele studiegroep of 'n wat ookal bymekaar hoefete roep. Dus word ons nou toegelaat om 100 MW krag op te wek sonder dat ons eers al die rompslomp moet deurworstel om amptelik daarvoor toestemming te kry en Transnet Hawens sal so 'n bietjie meer onafhanklik word van Transnet.
- Intussen het die president ook die G-7 vergadering in Groot(?) Brittanje bygewoon en vir hulp gevra (gebedel?) om Suid-Afrika en Afrika te voorsien van entstowwe. Blykbaar het ons ons geld op ander projekte bestee en kan tans nie die Guptas vir finansiële hulp vra nie.
- Die Biden administrasie poog om al die internasionale verhoudings wat tydens die Trump administrasie ietwat versteur is, te herstel. President Joe Biden het ook tyd met die Russiese president spandeer sonder enige aanduiding dat laasgenoemde sy siening oor enigiets sal verander
- Dit word dus aanvaar dat die Russiese president, Wladimir Poetin, sal voortgaan met sy poging om die gestorwe Sowjet-Unie weer te laat herleef tydens sy heerskappy wat tot 2036 duur en hy 84 jaar oud sal wees. Dit kan politieke steurnisse tydens hierdie periode veroorsaak.
- Xi Jinping, Algemene Sekretaris van die Chinese Kommunistiese Party en President van die Volksrepubliek van China, het tydens die honderdjarige bestaansviering van die Kommunistiese Party, dit baie duidelik gemaak dat niemand toegelaat sal word om hom of sy land te boelie nie – andersins sal hulle hul koppe teen 'n muur van staal te pletter loop. Dit is nogal 'n sterk stelling wat gemaak word deur die lewenslange leier van 'n Volksrepubliek met toenemende sensorskap, massa toesighouding oor persone se doen en late en verswakkende menseregte.
- Hongkong se demokrasie word ook stelselmatig ondermyn deur die toenemende sensorskap deur die Chinese beheerde owerhede, terwyl die laaste onafhanklike koerant gesluit is en die senior joernaliste veilig in die tronk weggebêre is.
- Die vraag wat gevra moet word, is of Taiwan die volgende teiken van die huidige al hoe meer selfversekerde Chinese leierskap -- weens hul ekonomiese en militêre mag -- sal wees? En indien Taiwan in die groter China



ingesluk word, watter land sal die volgende wees?

- Spanning is aan die oplaai tussen die Europese Unie (EU) en mnr Brexit Boris Johnson se Groot Brittanje oor die implementering van die ooreenkoms om die EU te verlaat.
- Spanning in die Midde-Ooste is steeds aanwesig terwyl dit al hoe meer waarskynlik is dat sanksies teen Iran nie in die afsienbare toekoms verlig word nie. Terselfdertyd verlaat al hoe meer mense Afghanistan soos die Taliban sy militêre teenwoordigheid uitbrei terwyl die laaste VSA en geallieerde soldate die land verlaat.
- In Afrika veroorsaak rebelle steeds probleme in Burkina Faso, Mali, Niger en noord-
-

INTERNASIONAAL

- Die jongste werkloosheidsyfers in die belangrike nywerheidslande is: VSA 5.9%, VK 4.7%, Eurogebied 7.9%, Duitsland 3.7%, Japan 3.0%, China 5.0%
- Die jongste inflasiesyfers vir hierdie lande is: VSA 5.0%, VK 2.1%, Eurogebied 1.9% Duitsland 2.3%, Japan -0.1%, China 1.3%.
- Tienjaar staatseffekte op 2/07/21 (vergeleke met 4/06/21): VSA 1.4306% (1.55%), VK 0.7000% (0.7890%), Duitsland -0.2390% (-0.2150%), Japan 0.0430% (0.0850%), China 3.0890% (3.1410%).
- In die afgelope maand was die fokus van die finansiële markte op die sterker as verwagte styging van die VSA inflasiekoers asook die aanduiding deur die Federale Reserweraad (Fed) dat hulle waarskynlik in 2023 rentekoerse tweekeer sal verhoog.
- Die mededeling van die Fed het die finansiële markte verras omdat die meeste persone werksaam in hierdie markte blykbaar verwag het dat korttermynrentekoerse eers in 2024 verhoog sal word. (Ek was van mening dat VSA kortkoerse reeds in 2023 verhoog kan word.)
- Die Fed mededeling, die sterker as verwagte styging van die inflasiekoers, sowel as

Mosambiek. Winsgewende ontvoerings duur voort in Nigerië. Gegewe die huidige opstand in Ethiopië, bly dit 'n vraag of die land as 'n eenheid sal kan voortbestaan? En Eswatini?

- Venezuela slaag daarin om inflasie tot net 2719.5% te verminder terwyl die Zimbabwiese inflasiekoers tot 106.6% daal.
- Die Groot Leier van Noord-Korea het sy stilsweye verbreek en aangedui dat sy land een of ander ernstige krisis in die gesig staar. Die vraag is of dit hongersnood is of miskien die Covid-19 virus? Dit kan wel beteken dat daar minder geld is om missiele af te vuur

aanduidings dat die VSA ekonomie vanjaar met net minder as 6.5% kan groei, het meegebring dat langtermynrentekoerse gestyg het in afwagting van 'n meer beperkende monetêre beleid voor die einde van die jaar.

- Die meer beperkende monetêre beleid voor jaareinde sal die gevolg wees van die Fed wat minder effekte van die finansiële instellings koop en daardeur die likiditeit aan die finansiële stelsel verskraal.
- Die finansiële markte is wel bekommerd dat die voortgesette monetêre stimulus deur die sentrale banke tesame met die fiskale stimulus deur regerings, uiteindelik daartoe sal lei dat inflasie in al die belangrike ontwikkelde lande van die wêreld sterker styg as wat tans verwag word. Inflasie styg ook weens hoër kommoditeitspryse – voedsel, energie en mynboukommoditeite. Sterker indiensnemingsyfers kan ook na verwagting bydra tot hoër inflasiekoerse – maar die jongste syfers toon dat VSA salaris- en loonstygings binne perke bly.
- Vooruitskattings dui daarop dat ontwikkelde lande sterk groei van net minder as 6% in 2021 sal toon. Werkloosheidsyfers verbeter



en inflasie styg – in sommige gevalle meer as die 2% mikpunt. Nieteenstaande al hierdie faktore verwag finansiële markte nie dat kortkoerse voor 2023 in die meeste ontwikkelde lande sal styg nie. In die VK kan kortkoerse in die tweede helfte van 2022 styg, terwyl rentekoerse in die Europese gebied en in Japan selfs later as 2023 kan styg.

- Die Chinese sentrale bank volg tans 'n meer beperkende monetêre beleid wat tot stadiger groei in die tweede helfte van die jaar kan lei.
- Langtermynrentekoerse beweeg steeds hoofsaaklik sywaarts. Dit word verwag dat solank die Fed van mening is dat die huidige sterk styging van die inflasiekoers van verbygaande aard is, hierdie koerse in die res van die jaar hoofsaaklik sywaarts sal beweeg.
- Baie landboukommoditeitspryse het in die afgelope maand gedaal – nieteenstaande die hittegolf in Kanada en die VSA wat oeste kan benadeel. Terselfdertyd het die meeste mynboukommoditeite in die afgelope maand positiewe prystendense getoon. Die verwagting is dat algemene kommoditeitspryse in die res van die jaar ondersteun kan word deur die positiewe ekonomiese groei terwyl rentekoerse hoofsaaklik sywaarts beweeg.
- Edelmetale het die afgelope maand verswak. Hierdie pryse is benadeel deur die vrees dat inflasie sal styg en dit strenger monetêre beleid sal meebring. 'n Sterker dollar het ook hierdie pryse benadeel.
- Internasionale oliepryse het die afgelope maande gestyg. Hierdie pryse het in die jongste tyd verder gestyg omdat OPUL en Rusland nie 'n ooreenkoms kon bereik om olieproduksie in die res van die jaar te verhoog nie, terwyl die vraag styg weens voortgesette ekonomiese groei en olievoorrade daal. Tans word nie verwag

dat VSA hidrobrekingproduksie noemenswaardig sal toeneem in die res van die jaar nie. Oliepryse kan verdere ondersteuning kry indien sanksies teen Iran nie opgehef word voor jaareinde nie.

- Onderliggend aan al die bogenoemde tendense en veral groei vooruitskattings, is die aanname dat die inentings sal voortgaan en sowat tweederdes van bevolkings sal dek. Daardie lande, soos Suid-Afrika, wat stadig is met die inenting van persone, sal die groeifase verpas en veral die verwagte verbetering van internasionale toerisme.

PLAASLIK

- Suid-Afrika het in Mei 'n rekord handelsurplus van R54.6 miljard getoon na die R51.26 miljard surplus van April. Dit bring die surplus in die eerste vyf maande van die jaar op R202.6 miljard te staan teenoor die R10.6 miljard van die ooreenstemmende 2020 periode. Mei uitvoere was 62% hoër as 'n jaar gelede en invoere 26% meer as verlede jaar. Mei uitvoere het met 1.5% maand-op-maand gestyg terwyl invoere terselfdertyd met 0.9% gedaal het. Terwyl uitvoere van minerale en edelmetale en –stene gedaal het, het die uitvoere van voertuie en voertuigonderdele en groente en chemikalieë hierdie afnames gekanselleer. Hierdie syfers dui daarop dat die RSA in 2021 weer eens 'n gesonde surplus op sy lopenderekening van die betalingsbalans sal toon en dus nie afhanklik sal wees van die invloed van korttermyn buitelandse kapitaal om enige betalingsbalans tekorte te finansier nie.
- Die goeie vertoning van die buitelandse handel toon dat die plaaslike ekonomie gesonde groei in 2021 kan toon. Maar waar vooruitskattings reële groei van tussen 4% en 5% vir 2021 getoon het, kan hierdie groei verminder word weens die verhoogde



beperkings op die ekonomie weens die sterk toename in Covid-19 infeksies.

- Weer eens is dit die gasvryheidsbedryf, wyn- en toerismesektore wat die spit moet afbyt van die huidige inperkings. Hoe langer dit duur om 'n groot persentasie van die bevolking in te ent en hoe langer die inperkings van krag bly, hoe groter sal die negatiewe impak op die ekonomie wees. Veral die klein- en mediumgrootte ondernemings in die bogenoemde sektore sal benadeel word en baie meer sal gedwing word om te sluit met 'n negatiewe impak op indiensneming en belastinginkomstes.
- Tans word aanvaar dat werkloosheid in die res van die jaar sal styg. Indien geen groot aanpassings in die regering se ekonomiese en arbeidsbeleid na vore kom nie, word verwag dat werkloosheid en siviele onrus in komende jare sal toeneem.
- Gegewe die onsekere toekoms en die kwesbare situasie waarin staatsfinansies hul bevind, is dit van die uiterste belang dat die openbaresektor baie konserwatief sal wees om enige salaris- of loonsverhogings toe te staan in die huidige rondte van onderhandelings. Terselfdertyd kan géén korrupsie, wanbesteding of vermorsing van fondse toegelaat word nie. (Dit geld natuurlik ook vir die privaatsektor.) In die huidige finansiële jaar is daar ongelukkig nog geen lig aan die einde van die finansiële tunnel vir die meeste munisipaliteite nie, nieteenstaande "gesonde" verhogings in tariewe en belastinge.
- In Mei het inflasie tot 5.2% gestyg teenoor die 4.4% van April. Dit is die hoogste inflasiekoers sedert November 2018 en het sterk stygings van vervoerkostes veral weens sterk jaar-op-jaar toenames van brandstofpryse sowel as voedselpryse weerspieël. Vooruitskattings dui steeds op 'n gemiddelde inflasiekoers in 2021 wat laer as die 4.5% mikpunt van die Reserwebank sal wees. Die Reserwebank oorweeg tans 'n laer teikenband vir inflasie as die huidige 3% tot 6%. Indien daar so 'n besluit geneem word, sal dit nie voor 2022 geïmplimenteer word nie.
- Vooruitskattings dui steeds daarop dat korttermynrentekoerse onveranderd sal bly in die res van die jaar.
- Langtermynrentekoerse het van 8.7850% op 4/06/21 tot 8.9050% op 4/07/21 in die geval van tienjaar staatseffekte gestyg. Hierdie koerse kan in komende maande onder opwaartse druk kom indien politieke onsekerhede en spannings voortduur. Terselfdertyd dui die groot vraag na langtermynfinansiering vanuit die openbare sektor daarop dat hierdie koerse in komende maande onder opwaartse druk kan kom.
- In die afgelope maand het die onstabiele rand teenoor al die belangrike geldeenhede verswak. Die onderliggende probleme van stygende Covid-19 infeksies, politieke onsekerhede, die voortgesette dreigement van grondonteiening sonder vergoeding, die volgehoue dreigement om die onbekostigbare Nasionale Gesondheidsversekeringstelsel in te stel, die risiko dat openbaresektor werksgeleenthede beskerm word asook dat staatsbeheerde ondernemings soos SAL gered word, die diepgaande finansiële en dienstevoorsiening probleme van munisipaliteite, die moontlikheid van verdere kredietafgraderings in die langer termyn, enige sterkte van die dollar sowel as enige verswakking van ontlukende lande se geldeenhede ondermyn die waarde van die rand. Die rand word ondersteun deur die toename in inentings wat die impak van die koronavirus op die wêreld ekonomie verminder en die gevolglike verbeterde



vooruitsig vir die wêreld ekonomie en veral vir kommoditeitsmarkte in 2021, die verskil tussen plaaslike en internasionale rentekoerse sowel as die steeds goed funksionerende plaaslike finansiële stelsel. Die rand bly egter wisselvallig en verswak in die langer termyn teen alle belangrike geldeeenhede.

BELEGGINGSOMGEWING

- Die dollar het die afgelope maand versterk weens sterker VSA groei as in die meeste ander ontwikkelde lande sowel as die aanduidings dat VSA kortkoerse waarskynlik vroeër sal styg as die in die Eurogebied en Japan.
- Sterling het ook teenoor die dollar verswak, maar VK groei word verwag om vanjaar sterk te wees en kortkoerse kan voor dié van die VSA styg.
- Weer eens word verwag dat Internasionale langkoerse meestal sywaarts sal beweeg in die res van die jaar.
- Algemene kommoditeitspryse baat steeds by die verwagte sterker groei van die wêreld- en veral die Chinese ekonomie in 2021. Landboukommoditeitspryse word ondersteun deur die sterk Chinese vraag asook ernstige droogtes. Kommoditeite word beïnvloed deur die spesifieke vraag- en aanbodsituasie van elke kommoditeit.
- Die goudprys word tans benadeel deur die sterk vertoning van die dollar asook die siening dat die huidige hoë inflasiekoers van verbygaande aard is.
- Die internasionale olieprys word ondersteun deur laer voorraadvlakke en omdat OPUL en Rusland geen ooreenkoms kon bereik nie om produksie in die res van die jaar te verhoog terwyl wêreld ekonomiese groei verbeter. In die langer termyn kan goedkoper hernubare energie die olieprys ondermyn.
- Meeste internasionale aandelebeurse het die afgelope maand verder gestyg met VSA beurse wat nuwe rekordhoogtes behaal het. Hulle word ondersteun deur stabiele rentekoerse, voldoende likiditeit en rooskleurige ekonomiese vooruitsigte en dus ook beter winste en dividende.
- Plaaslike kortkoerse bly stabiel.
- Plaaslike langkoerse bly meestal stabiel, maar staar die risiko in die gesig van opwaartse druk in die langer termyn.
- Die plaaslike aandelebeurse het in die afgelope maand verswak en word negatief beïnvloed deur die stygende Covid-19 infeksies en gevolglike inperkings van die ekonomie.
- Die rand bly wisselvallig, maar sal in die langer termyn teenoor al die belangrike geldeeenhede verswak.
- .

Ulrich Joubert

5 Julie 2021.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik op te stel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

